

# Dorpsontwikkeling in die huidige munisipale gebied van Carletonville, 1937-1948

Elize S. van Eeden

Departement Geskiedenis  
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

DIE FENOMENALE VERANDERING wat die goudmynbedryf in Suid-Afrika sedert die begin daarvan in die 1880's tot gevolg gehad het, het nie net tot goud se rol as onontbeerlike bron van staatsinkomste en verskaffer van werk gestrek nie. In distrikte waar dit ontgin is, is dorpsontwikkeling gestimuleer. Die huidige munisipale gebied van Carletonville is so 'n geval. Die artikel handel oor die invloed van goudmynvestiging — wat teen 1937 'n aanvang in die gebied geneem het — op dorpsontwikkeling tot 1948, toe Carletonville as dorp geproklameer is.

## BLANKE VESTIGING IN DIE GATSRAND-GEBIED

Reeds sedert die 1840's was die huidige Carletonville en omliggende dorpsgebiede deel van die wyk Gatsrand, geleë in die oostelike dele van die distrik Potchefstroom. Tswanastamme het die gebied reeds in die 1820's en 1830's bewoon maar ten tyde van die Voortrekkers se vestiging was daar weinig van die stamme oor. Dit was duidelik dat Mzilikazi en sy Ndebele hul verwoestingsveldtog tot in dié dele gevoer het.<sup>1</sup>

Volgens oorlewering het die eerste blanke, ene Harmse, hom reeds so vroeg as 1836 in die latere Carletonville-gebied gevestig.<sup>2</sup> Die vroegste beskikbare plaasregisters dui daarop dat Voortrekkers egter eers gedurende 1839 in die Gatsrand-omgewing begin aankom het. Uit die registers blyk verder dat grondeienaars die naam Gatsrand gebruik het om die ligging van hul plase aan te dui. Met Hollands as voertaal is natuurlik van 'Gat zijn rand' gepraat. Te oordeel aan die aantal variasies van beskrywings wat in die registers voorkom, soos 'Gelegen aan gat zijn rand', 'Gelegen aan Gat zijn kant', 'Gelegen in den gat zijn rand annex de plaats Boshoeck' sowel

as 'Gelegen aan de zuid zijde van de gat',<sup>3</sup> wil dit voorkom of die kenmerkende rantereeks nie die oorsprong van die naam Gatsrand was nie. In die moderne Afrikaanse idioom beteken die beskrywings eerder 'geleë teenaan die gat' of 'in die gat se omgewing'. Klaarblyklik was die reuse oersink-gat op die terrein van die teenswoordige Doornfontein-myn en moontlik ook die grotte op die nabygeleë plaas Deelkraal vir die Voortrekkers seldsame verskynsels wat die verbeelding aangegryp het. Oud-bewoners herinner hulle nog die talle uitspangeleenthede by die sinkgat in die lushof van bome.<sup>4</sup>

As 'n wyk van die distrik Potchefstroom was die Gatsrand 'n nye gebied wat byna net uit plase bestaan het. Bewoners


<sup>1</sup> J.C. Voigt, *Fifty years of the history of the republic in South Africa, 1795-1845* (Londen, 1899), p. 168; H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz* (Kaapstad, 1947), p. 131.

<sup>2</sup> B.J.V. Naudé (red.), *Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberholzer, 9-11 Februarie 1952* (Krugersdorp, 1952), p. 51; H. Elliot, 'Down towards the styx', *Optima* 34(2), Junie 1986, p. 107.

<sup>3</sup> Transvaalse Ategiebewaarplek, Pretoria (TAB), Registrateur van Aktes (RAK) 2433: Plaasrequestenregister, 1839-1851. Kyk ook RAK 2434: Inspeksieregister, 1841-1888.

<sup>4</sup> Carletonville-versameling, PUvCHO (CV) 3: Onderhoud K. du Preez, 6.11.1986, en CV1: Herinneringe P.F.J. van der Ryst, 23.9.1986.

Liggingskaart van die Gatsrand-gebied.



was tot vroeg in die huidige eeu hoofsaaklik nog agraries ingestel. Weens 'n gebrek aan infrastruktuur en diensverskaffing was hulle gevolglik nog op Potchefstroom as hoofdiensdorp aangewese.<sup>5</sup>

Ontwikkeling is ingelui met die ontstaan van die Klipdrift-nedersetting in 1911 en die proklamering van die dorp Fochville in 1920. Agt jaar later is 'n groep Nederlandse immigrante (ongeveer 40 persone) uit Groningen op die plaas Wonderfontein gevestig.<sup>6</sup> Dit het handelaars na die gebied gelok, dog daadwerklike vooruitgang het eers in November 1932 gevolg toe die goudmynmaatskappy West Witwatersrand Areas Limited (West Wits) met prospekteerwerk begin het.<sup>7</sup>

## GOUDMYNVESTIGING

Gedurende 1936 het bedrywighede van die West Witsmaatskappy buite die noordoostelike grense van die Gatsrandgebied (op Venterspost en Libanon) spoedig tot verdere uitbreiding weswaarts gelei. So byvoorbeeld het die Corner House-groep (bekend as die Blyvooruitzicht General Mining Company) sy werksaamhede op 11 Julie 1937 begin, dog die produksie van erts het eers sowat vyf jaar daarna gevolg.<sup>8</sup> Teen 1948 het die Blyvooruitzicht-myn 'n nettowins van £2 486 519 getoon wat dit die Suid-Afrikaanse myn met die belowendste groeipotensiaal gemaak het.<sup>9</sup>

Die Wes-Driefontein-myn is 'n jaar na dié by Blyvooruitzicht beplan nadat 'n huurkontrak van die regering verkry is. Teen die einde van 1945 is met die sink van skagte begin.<sup>10</sup> 'n Derde myn in die Gatsrand, die Doornfontein-myn, is in Januarie 1947 geopen en die eerste skag, bekend as Annan, op 21 Maart gesink.<sup>11</sup>

Teen 1948 het die drie goudmyne in die Gatsrand-gebied 'n positiewe uitwerking op ontwikkeling gehad. Dit het nie net Fochville se ontwikkelaars (Joodse sakemanne Joseph Wulfsohn en Abraham Horvitch) met nuwe hoop vir dié dorp vervul nie. Grondeienaars in die nabye omgewing van die myne het spoedig ook grond vir dorpsdoeleindes, nader aan die myne as wat Fochville kon bied, beskikbaar begin stel. Goudmynmaatskappye het self ook grond vir onder meer dorpsontwikkeling aangekoop.<sup>12</sup>

## PROKLAMERING VAN DORPE

In 1937 is die eerste dorp in die omgewing van die myne geproklameer. West Wits is vernoem na die goudmynmaatskappy wat 'n reuse-aandeel gehad het aan die ontdekking van goud in die geweste. Dit is uitgelê op die plaas Bank,<sup>13</sup> noordoos van die Blyvooruitzicht-goudmyn en wes van Venterspost en Libanon. Die West Wits-maatskappy het gehoop dat die dorp in die behuisingnood van veral Venterspost en Libanon se werknemers sou voorsien. Die twee gebiede het egter weldra hul werkers se akkommodasieprobleem opgelos en daarmee terselfdertyd die vervoerprobleme wat tussen West Wits en die myne ondervind is. Vir dié dorp was dit 'n terugslag, veral toe die Blyvooruitzicht-goudmyn ook self behuising aan sy mynwerkers verskaf het.<sup>14</sup> Blyvooruitzicht was byna heeltemal selfvoorsienend en as 't ware 'n myndorp in die klein.<sup>15</sup>

In Februarie 1939 is die dorp Oberholzer op die plaas Wonderfontein en heelwat nader aan die Blyvooruitzicht-goudmyn geproklameer. Die inisiatief hiervoor het uitgegaan van die Nederlandse immigrant J.E. Hommes. Hy het van die ander nedersetters wat gesukkel het om 'n bestaan op Wonderfontein te maak, se grond uitgekoop en 'n gedeelte beskikbaar gestel vir dorpsdoeleindes sowel as vir die uitlê van plote van ongeveer 10 morg (8,6 ha) elk.<sup>16</sup> Van die Nederlandse immigrante wat as handelaars besighede op die

plaas Wonderfontein bedryf het, het weldra hulle heil in Oberholzer gaan soek. Hulle het gehoop om winsgewender besighede nader aan die goudmyne te bedryf. Die verskuiwings van die Nederlandse immigrante van hul aanvanklike nedersetting op Wonderfontein na die dorp Oberholzer verder suid, sowel as sommige se verhuising uit die gebied na ander plekke, het die nedersetting tot niet laat gaan. Gevolglik was daar teen 1948 slegs sowat 40 gesinne wat verspreid op gedeeltes van Wonderfontein gewoon het,<sup>17</sup> elk op 'n plot van ongeveer 25 morg (21,5 ha).<sup>18</sup>

Terwyl Oberholzer nog in sy kinderskoene gestaan het, is die dorp Bank in 1940 deur W.S. en C.F.J. Swanepoel op 'n gedeelte van die plaas Bank uitgelê.<sup>19</sup> Dit was ietwat nader aan die myne buite die Gatsrand en suidwes van die nuwe Wes-Driefontein-goudmyn wat besig was om op die plaas Driefontein te ontwikkel.<sup>20</sup> Die Bank-spoorwegstasie, geleë op die hoofroete na Kaapstad, was ook digby die dorp.<sup>21</sup> As gevolg van die swak toestand van paaië was bewoners sowel as die goudmyne hoofsaaklik van spoorverbinding afhanglik.<sup>22</sup> Vir Bank-dorp was die nabyheid van 'n spoorwegstasie dus voordelig. Daarteenoor was Oberholzer aangewese op die Oberholzer-spoorweghalte wat hoofsaaklik boere van die omgewing bedien het.<sup>23</sup>

<sup>5</sup> E.S. van Eeden, 'Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die Trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948' (M.A., PUvCHO, 1988), p. 188.

<sup>6</sup> CV2: (Kol. dr.) J. Ploeger — E.S. van Eeden, 12.9.1986. Vergelyk ook 'De Nederlandsche landbounederzetting op Wonderfontein (Transvaal), Zuid-Afrika, Oktober 1934, p. 6. Die Europese neo-imperialistiese uitbreidingsdrang teen 1870 het die Nederlanders ook beïnvloed en beweeg om ekonomiese en kulturele uitbreidingsmoontlikhede in Suid-Afrika te ondersoek. 'n Groep Nederlandse Boerevriende het in 1883 reeds 'n maatskappy in die ZAR gestig met die doel om grond aan te koop en boerekolonies te vestig. Hierdie vestigingspogings is steeds in die 1920's voortgesit. Kyk C. de Jong, 'Dullstroom, 1884-1984', *Contree* 17, Januarie 1985, p. 29.

<sup>7</sup> R. Macnab, *Gold their touchstone: Goldfields of South Africa, 1887-1987 — a centenary story* (Johannesburg, 1987), pp. 212-213.

<sup>8</sup> R.A. Pellitier, 'Contributions to the geology of the far West Rand', *Transactions of the Geological Society of South Africa* 40, Julie 1937, pp. 130-131; *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 18.6.1937.

<sup>9</sup> J.H. Coetzee (red.), *Voorgesette streekopname van beheerde gebied nr. 2; verslag nr. 3: Gebied Westonaria-Welverdiend* (Potchefstroom, 1957), tabel nr. 3.

<sup>10</sup> Macnab, *Gold their touchstone* ..., p. 75.

<sup>11</sup> *Ibid.*, p. 161. Die eerste skag op Doornfontein-myn is vernoem na Robert Annan, voorsitter van Consolidated Gold Fields in die 1940's.

<sup>12</sup> *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 7.11.1943 en 7.3.1947; Sentrale Argiefbewaarpark, Pretoria (SAB), Ministerie van Vervoer, (MVE) 409 16/44: Potchefstroom-Losberg line petition, 15.3.1922.

<sup>13</sup> SAB, Departement van Justisie (JUS) 614 2817/35: West Wits reservation of land, 7.12.1935. Kyk ook Munisipaliteit Carletonville: Titelvoorwaardes, 1937-1960.

<sup>14</sup> CV3: Onderhoud dr. J.F. Wolmarans, 15.4.1987.

<sup>15</sup> W. Hagan-Watson, 'Down memory lane: Blyvoor's first 20 years' (onpubliseerde manuskrip, plek van uitgawe onbekend, 1965), pp. 1-6.

<sup>16</sup> Munisipaliteit Carletonville: Titelvoorwaardes, 1937-1960. Kyk ook TAB, Hommes-versameling (WHA) 90: J.E. Hommes — Ouers, 8.3.1938; CV3: Onderhoud A.J. de Buys, 17.2.1989; TAB, Potchefstroom Stadsklerk (PM) 351 3/6/84 Dorpsstigting: Provinsiale Sekretaris — Stadsklerk, 7.9.1937.

<sup>17</sup> CV3: Onderhoud T.M. en G.G. Toxopeus, 3.3.1989.

<sup>18</sup> TAB, PM 351 Dorpsstigting: Korrespondensie, 5.2.1940; *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 17.10.1930, p. 10.

<sup>19</sup> Munisipaliteit Carletonville: Titelvoorwaardes, 1937-1960.

<sup>20</sup> Die nuwe goudmyn is West-Driefontein waarna reeds verwys is.

<sup>21</sup> C.F. van R. Zietsman, 'Die bou van die Suidwestelyn, 1895-1897, en die NZASM-stasiegeboue op Krugersdorp en Klerksdorp', *Contree* 12, Julie 1982, p. 7. Kyk ook R.W.J.C. van den Wall Bake en E. Bruchner, *In memoriam N.Z.A.S.M.* (Amsterdam, 1910), p. 174.

<sup>22</sup> Departement van Paaië, Potchefstroom (DP) P89/1 (07/072/23/22/98): G. Morris en Jones — Departement van Paaië, 22.11.1936. Kyk ook G.L. van Heerde, *Die invloed van moderne vervoer op die ontwikkeling van dorpe in Wes-Transvaal* (Potchefstroom, 1981), p. 116.

<sup>23</sup> TAB, Staatssekretaris (SS) R12714/97: H.F. Oberholzer — Regeringskommissaris van Spoorweë, 1897.

In September 1942 is die plaas Welverdiend van J.J. Tromp as dorp geproklameer<sup>24</sup> waarskynlik omdat gerugte in omloop was van moontlike goudmynvestiging daar naby. In 1947 het dit inderdaad gebeur toe 'n myn op die plaas Doornfontein geopen is. Welverdiend-dorp is naby die Welverdiend-spoorwegstasie uitgelê.<sup>25</sup> Dié spoorwegverbinding het al vroeg in die 20ste eeu op die plaas bestaan en was eertyds die hartslag van die gebied se kommunikasiewese.<sup>26</sup>

Dit wil voorkom of die dorpe in die omgewing van die goudmyne nie voldoende huisvesting aan voornemende mynwerkers sou kon bied nie. Hiervan getuig die ontstaan van nog 'n dorp op die plaas Bank in 1947.<sup>27</sup> Dit het aanvanklik bekend gestaan as Bankville en is eers later amptelik as die dorp Blybank geproklameer.<sup>28</sup>

Die groot afstand tussen dorpe en goudmyne was een van die belangrikste redes waarom die bestaande of geproklameerde dorpe nie heeltemal aan die plaaslike goudmynbedryf se behoeftes voldoen het nie. Dit was ook die geval met die Wes-Driefontein-myn wat in 1945 met produksie begin het. Die West Wits-maatskappy wou sy amptenare graag op 'n nabygeleë dorp huisves, dog afstande na nuwe geproklameerde dorpe het tussen 10 en 20 kilometer gewissel. Daarby het ontoereikende vervoerdienste meegebring dat nie een van die dorpe as geskik geag is nie. Gevolglik het die maatskappy al in 1945 die moontlikheid van dorpsproklamering op die plaas Twyfelvakte oorweeg.<sup>29</sup> Nadat aansoek in November dié jaar by die administrateur van Transvaal gedoen is,<sup>30</sup> het sowat drie jaar verloop voordat Carletonville op 20 Januarie 1948 gestig is.<sup>31</sup> Dit is vernoem na die myningenieur Guy Carleton Jones wat in 1932 medeverantwoordelik was vir die ontdekking van die ryk goudrif in die gebied, bekend as die West Wits-lyn.<sup>32</sup>




Guy Carleton Jones na wie Carletonville vernoem is.

FOTO: GOLDFIELDS OF SOUTH AFRICA LTD, JOHANNESBURG

## GROEI EN KWYNING VAN DORPE — PLAASLIKE BESTUUR EN OPENBARE DIENSTE

Die skielike verrysing van dorpe na die vestiging van goudmyne het dit nodig gemaak om ontwikkeling met moderne standaarde te koördineer. 'n Ordelyke plaaslike infrastruktuur en kommunikasienetwerk, gepaard met die vestiging van onderaemings om aan inwoners (en die myne) se behoeftes te voorsien, was belangrike aspekte wat in ag geneem moes word.<sup>33</sup>

Vanweë die omgewing se landelikheid en omdat die dorpe nog nie munisipale status verwerf het nie, moes die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede sedert 28 Junie 1944 die administrasie en ontwikkeling behartig. Dit het onder meer noodsaaklike dienste ingesluit soos openbare gesondheid en die verskaffing van water, elektrisiteit en riolering.



Van die eerste woonhuise in Carletonville (Uitbreiding 1).

FOTO: WES-DRIEFONTEIN-MYN, CARLETONVILLE

Dit het ook vir die grondgebied gegeld waarop die West Wits-maatskappy vrypäg besit het, naamlik die West Wits-lyn.<sup>34</sup>

Goudmyne se behoefte aan water en elektrisiteit sou noodwendig die dorpe naaste aan die myne bevoordeel. Elektriese krag is van Klip-kragstasie (noord van Vereeniging) af aangelê.<sup>35</sup> Carletonville, Bank en die myndorp Blyvooruitzicht het daarby baat gevind, terwyl die ander dorpe teen 1948 nog nie elektriese krag gehad het nie. Op die gebied van watervoorsiening was Carletonville en Bank ook beter daaraan toe aangesien water vir huishoudelike gebruik van boorgate afkomstig was. Carletonville het sy voorraad uit 'n boorgat van die Wes-Driefontein-myn verkry.<sup>36</sup> Daarteenoor het Welverdiend 'n gebrek aan water vir huishoudelike gebruik ondervind en op Oberholzer moes water uit 'n onbeskermd besproeiingsvoor gebruik word.<sup>37</sup>

Vir die yl bewoonde dorpe Blybank en West Wits was vooruitsigte op die vestiging van 'n plaaslike infrastruktuur nog swakker. Teen 1948 en daarna kon dit geensins met die ontwikkeling in buurdorpe vergelyk word nie.<sup>38</sup> Die voor-

<sup>24</sup> Munisipaliteit Carletonville: Titelvoorwaardes, 1937-1960.

<sup>25</sup> SAB (JUS), 395 3/251/25: Commissioner of Police — Secretary of Justice, 6.3.1929. Kyk ook *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 16.1.1948.

<sup>26</sup> Van den Wall Bake en Bruchner, *In memoriam N.Z.A.S.M.*, p. 16.

<sup>27</sup> Munisipaliteit Carletonville: Titelvoorwaardes, 1937-1960.

<sup>28</sup> SAB, Departement Naturellesake (NTS) 4524 603/313: Blybank (Bankville), 6.1.1944 en 11.12.1947.

<sup>29</sup> Potchefstroom Skoolraad, Potchefstroom (PS) 1/4 Laer Gedenkskool Danie Theron, terrein en geboue: Dorpsraad — Transvaalse Onderwysdepartement, 16.11.1945.

<sup>30</sup> *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 22.11.1946.

<sup>31</sup> TAB, PM 351 Dorpstigting: Korrespondensie, 9.9.1948.

<sup>32</sup> Macnab, *Gold their touchstone* ..., p. 121.

<sup>33</sup> CV3: Onderhoud A. van der Westhuizen, 3.3.1989.

<sup>34</sup> Munisipaliteit Carletonville, *Carletonville 25* (plek van uitgawe onbekend, 1983), p. 3. Kyk ook A.G. Oberholster, 'Ontwikkeling van die bestuur van landelike gebiede in Suid-Afrika met besondere verwysing na die Kaaplandse Afdelingsrade en die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede', *Acta Academica* B(21), 1985, pp. 67-68.

<sup>35</sup> ESCOM, *twenty five years. A record of the origin, progress and achievements of the Electricity Supply Commission in the Union of South Africa, 1923-1948* (Johannesburg, 1948), p. 19.

<sup>36</sup> Munisipaliteit Carletonville JB/3/T(3): Verslag van die Gesondheidsinspekteur, 8.7.1947.

<sup>37</sup> Munisipaliteit Carletonville T1/30 (540/7638): Townships Board — Gesondheidsraad, 14.8.1945 en JB/3/T(3): Verslag van die Gesondheidsinspekteur, 8.7.1947. Vergelyk ook CV3: Onderhoud A. van der Westhuizen, 3.3.1989. Dié oud-inwoner meld dat die meeste strate in die dorp Carletonville reeds teen 1948 geteer en van ligte voorsien was.

<sup>38</sup> Munisipaliteit Carletonville JB/3/T(3): Gesondheidsinspekteur Johannesburg — Mediese beaampte Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, 8.7.1947; T1/29(1): Waaksaamheidskomitee — Gesondheidsraad, 12.10.1948. Vergelyk ook CV3: Onderhoud dr. J.F. Wolmarans, 15.4.1987.

koms van sinkgate in veral dié dorpe het tot hulle ont-ruiming gedurende die 1960's gelei.<sup>39</sup>

## DIE SAKEGEMEENSAP

Nog 'n dringende behoefte wat veral die goudmyne onder-vind het, was die vestiging van voldoende ondernemings om noodsaaklike lewensmiddele te voorsien. Aanvanklik moes mynowerhede feitlik alle benodigdhede van buite die gesondheidsraad se gebied bekom. As pionier was die Bly-voortzicht-goudmyn die eerste wat hierdie probleem moes hanteer. Vleis is byvoorbeeld van die Knight-kontrakteurs van Potchefstroom bestel. Voorts het drie handelaars van Randfontein — 'n bakker (J. Celine), 'n kruidenier (ene Fedler) en 'n onbekende vrugtehandelaar — goedere op bestelling by die myn afgelewer.<sup>40</sup> Dorpsbewoners het aan-vanklik ook, as gevolg van die karige dienste plaaslik, probleme ondervind. Net soos die goudmyne was hulle hoof-saaklik op spoorvervoer aangewese om die nodige van ander dorpe af in die hande te kry. Verla diegene wat van die Oberholzer-halte gebruik gemaak het, het baie frustrasies beleef. As 'n klant nie betyds was wanneer die goederetrein verby kom nie, het sy bestelling eers 'n Kaapse draai gemaak. Dus het dit gereeld gebeur dat bederfbare produkte by ontvangs nie meer geskik vir menslike gebruik was nie.<sup>41</sup>

Ondernemers het hulle in die beginjare van die goud-myne in die omgewing gevestig.<sup>42</sup> So byvoorbeeld het Oberholzer en Bank in die 1940's oor die meeste handels- en vervoerondernemings van al die dorpe beskik<sup>43</sup> — blykbaar omdat hulle van die eerste dorpe was wat in die gebied geproklameer is. Oberholzer het waarskynlik ook enkele handelaars onder die Wonderfonteinse nedersetters gelok,<sup>44</sup> terwyl op Bank reeds voor goudmynvestiging 'n aantal Indiër-winkels naby die spoorwegstasie sake gedoen het.<sup>45</sup> Hoewel daar teen 1948 dus 'n onderneming of twee op die meeste dorpe was, was hulle nog onvoldoende toegerus om die myne se aanvraag te bevredig.

Op Oberholzer het handelaars soos Waks en Judelsohn, J. Aukema en T. Lewitton, sowel as ondernemings soos Chick Fashions en Bezuidenhout Mansuitrusters teen 1948 sake



Die Barclays Bank-tak op Oberholzer in die pioniersjare

FOTO: G. HOMMES

gedoen. Plaaslike slagters soos J.J. Nieuhuis en J.P. Holtz-hausen het die tydsame vleisbestellings van elders af uit-geskakel.<sup>46</sup> H. Boersma, 'n Nederlandse immigrant, het sy onderneming as grofsmid op Oberholzer hervat.<sup>47</sup> Sowat vier motorhawens is op die dorp bedryf.<sup>48</sup> Voorts het J.E. Hommes al in 1947 daagliks melk aan 400 kliente afgelewer. In 1948 het hy dié diens ook na die Blyvoortzicht-myn uitgebrei.<sup>49</sup> Twee personeellede van die Barclays Bank-tak

<sup>39</sup> *The Star*, 20.4.1963; *Die Transvaler*, 3.2.1970 en *Carletonville Herald*, 20.5.1988.

<sup>40</sup> Hagan-Watson, 'Down memory lane ...', pp. 3-4 en 13.

<sup>41</sup> CV3: Onderhoud T.M. en G.G. Toxopeus, 3.3.1989.

<sup>42</sup> *Ibid.*: Onderhoud R.A. Nosarka, 8.2.1989.

<sup>43</sup> *United Transvaal directory for 1941-1942* (Johannesburg 1942), pp. 487 en 1557.

<sup>44</sup> CV3: Onderhoud dr. W.P. Roux, 15.4.1987.


<sup>45</sup> *Ibid.*: Onderhoud T. Nosarka, 22.5.1987.

<sup>46</sup> *United Transvaal directory for 1941-1942*, p. 1557. Kyk ook CV3: Onderhoud A. Judelsohn en A. van der Westhuizen, 3.3.1989 en *Carletonville Herald*, 27.1.1978. Chic Fashions, Bezuidenhout Mansuitrusters en verskeie ander ondernemings het ná 1948 na Carletonville verskuif. CV3: Onderhoud J. Grolman, 24.4.1989.

<sup>47</sup> CV3: Onderhoud dr. W.P. Roux, 15.4.1987.

<sup>48</sup> *Carletonville Herald*, 27.1.1978.

<sup>49</sup> TAB, WHA 90: J.E. Hommes — Ouers, 24.12.1947.



'n Voorstelling van Carletonville en omgewing, omstreeks 1950.

FOTO: J.F. WOLMARANS, CARLETONVILLE

op Potchefstroom het een keer per week 'n diens op Oberholzer gaan lewer.<sup>50</sup>

Handelsondernemings op Bank-dorp was onder meer Bombay Silk Bazaar, K.O. Bazaars en N.F. Stores. H.A. Hai en P.K. Petel het ook sake daar gedoen.<sup>51</sup> Daarbenewens kon die dorp met 'n slaghuis en vier motorhawens spog.<sup>52</sup> Op versoek van die dorpsbewoners is 'n Standard Bank-agentskap in 1947 geopen, terwyl 'n poskantoor soos op Oberholzer en Blyvooruitzicht ook beskikbaar was. Die buurdorpe Blybank en West Wits (ook geleë op die plâas Bank) moes in die afwesigheid van handelaars na Bank-dorp of elders gaan.<sup>53</sup>

Op Welverdiend waar wel enkele ondernemings was, het 'n gebrekkige infrastruktuur en veral die tekort aan gesuiwerde water ontwikkeling gestrem.<sup>54</sup> Carletonville, die laaste geproklameerde dorp, het aanvanklik net 'n paar ondernemings gehad.<sup>55</sup> Bouaannemers van elders, onder wie Farber en Sloopweg, Frankipile en Gibb and Sons, het mynhuise en ander geboue veral in Carletonville opgerig. Gevolglik het van Oberholzer se sakeondernemings spoedig daarheen verskuif.<sup>56</sup> Met drie goudmyne in die omgewing toe in volle produksie en weens Carletonville se groeiende inwonertal is nog sakesentrums (waarvan Flint en Ingothouse die oudste is) reeds in 1948 beplan en die daaropvolgende jaar in gebruik geneem.<sup>57</sup>

Weens sy strategiese ligging ten opsigte van die myne en omdat die dorp deur mynowerhede se inisiatief gestig en finansiële ondersteun is, het Carletonville tot hoofsentrum ontwikkel.<sup>58</sup> Dit het egter nie sonder botsende belange gebeur nie. Die Waaksaamheidskomitee van Oberholzer was byvoorbeeld van oordeel dat dié dorp se ontwikkeling gestrem sou word as dorpsuitbreiding en die skep van handelsentrums daar nie ook daadwerklik steun en aandag kry nie.<sup>59</sup> Ook West Wits-dorp se hoteleienaar was by geleentheid in 'n hofsak met die Suid-Afrikaanse Brouery (SAB) betrokke weens laasgenoemde se voorneme om 'n hotel op Carletonville te open. Hy was van mening dat die twee bestaande hotelle — op Welverdiend en op West Wits — die gemeenskap na behore kon bedien. FT. Hindle wat die aansoek vir die nuwe hotel namens die SAB gehanteer het, het die landdros egter oortuig dat Carletonville se uitbreidingspotensiaal groter as dié van sy bure was en dat daar 'n groot aanvraag vir hotelgeriewe in die omgewing van die dorp is<sup>60</sup> — iets wat inderdaad die geval was.<sup>61</sup>

Namate die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede sy werksaamhede in die omgewing van die West Wits-lyn uitgebrei het, is 'n plaaslike gebiedskomitee met Carletonville as setel in 1949 in die lewe geroep om die administratiewe las van die raad te verlig.<sup>62</sup> Gedurende 1959 is munisipale status toegeken aan die gebied in die omgewing van die goudmyne (vergelyk die kaart) met Carletonville in die leidende posisie.<sup>63</sup>

## BESLUIT

Met die opening van drie goudmyne tussen 1937 en 1948 in die noordelike dele van die Gatsrand het 'n nuwe era vir die eens landelike gebied aangebreek. In dié tydperk is ses dorpe geproklameer om aan die behoeftes van die goudmyne te voldoen. In die proses van dorpsontwikkeling sou sommige dorpe noodwendig bo ander uitstyg. 'n Bepalende faktor was die teenwoordigheid van goudmyne in die onmiddellike omgewing van 'n dorp. Mynowerhede wou naamlik huisvesting vir hul werknemers so na as moontlik aan die myne verskaf. Carletonville is gevolglik deur die inisiatief van die West Wits-maatskappy geproklameer om in die behoefte aan akkommodasie vir mynwerkers te voorsien.

Gestimuleer deur 'n groot vraag na behuising het Carletonville spoedig 'n infrastruktuur ontwikkel wat meer inwoners daarheen as na sy buurdorpe gelok het. Van al dié dorpe het Oberholzer die meeste by Carletonville se ontwikkeling gebaat: die sogenaamde Carletonville-Oberholzer-kompleks het spoedig die sentrum van vooruitgang geword.<sup>64</sup>

In die 1960's het die voorkoms van sinkgate as gevolg van die myne se onttrekking van ondergrondse water die einde beteken van dorpe soos West Wits, Bank en Blybank wat toe reeds min groei getoon het.<sup>65</sup> Daarteenoor is Carletonville, danksy die goudmynbedryf se besluit om sy werksaamhede in die Carletonville-omgewing voort te sit, 'n kans op oorlewing gegun.<sup>66</sup>

Die invloed van die goudmynbedryf word veral duidelik in die bevolkingsgroei weerspieël. Tussen 1951 en 1985 het die swart bevolking byvoorbeeld van 800 tot 91 000 gestyg. Terselfdertyd het die blankes se getalle van 8 000 tot sowat 29 500 toegeneem.<sup>67</sup>

Carletonville is tereg al die 'Middelpunt van die Goue Weste' genoem. Sy ontwikkeling word saamgevat in slag-spreuke soos 'Uit twyfel kom vertroue' (ook die dorpsleuse) en 'Oornag 'n nuwe stad in wording'.<sup>68</sup> Dit was hoofsaaklik te danke aan die uitbreiding van bestaande goudmyne en die stigting van nuwes wat werkgeleentheid aan geskoolde blankes en groot getalle ongeskoolde swartes gebied het. Voorts het die finansiële steun van mynmaatskappye aan talle projekte op Carletonville<sup>69</sup> tot die voortbestaan en vooruitgang van die dorp en sy omgewing bygedra. ■

<sup>50</sup> CV2: J. Grolman — E.S. van Eeden, 17.2.1987 en G. Hommes — E.S. van Eeden, 9.12.1988. Kyk ook *Carletonville Herald*, 27.1.1978.

<sup>51</sup> DP P89/1(07/072/23/31) Proposed island layout and parking facilities at Bank, 7.5.1961. Ook CV3: Onderhoud. T. Nosarka, 22.5.1987.

<sup>52</sup> *United Transvaal directory for 1941-1942*, p. 487.

<sup>53</sup> CV3: Onderhoud G.F. Pienaar, 20.11.1986 en T. Nosarka, 22.5.1987; CV2: G. Hommes — E.S. van Eeden, 9.12.1988. Vir inligting oor die Blyvooruitsig-poskantoor (spelys so vanweë 'n ander poskantoor in die OVS met dieselfde naam) op Blyvooruitzicht, kyk Hagan-Watson, 'Down memory lane ...', p. 41.

<sup>54</sup> Munisipaliteit Carletonville T1/30 (TA/540/7638): A. Oliff — Gesondheidsraad, 18.6.1946. Kyk ook *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 6.12.1948 en 20.2.1948.

<sup>55</sup> CV3: Onderhoud A. van der Westhuizen, 8.2.1989.

<sup>56</sup> *Ibid.*: Onderhoud U. Kennedy, 6.12.1988 en A. van der Westhuizen, 8.2.1989 en 3.3.1989.

<sup>57</sup> *Die Transvaler*, 15.1.1954.

<sup>58</sup> Munisipaliteit Carletonville, *Carletonville* 25, pp. 4-7.

<sup>59</sup> Munisipaliteit Carletonville MCV T1/346(I): Waaksaamheidskomitee Oberholzer — Sekretaris Dorpsraad, Januarie 1952 en 26.8.1952. Ook CV3: Onderhoud N.M. Pretorius, 3.3.1989.

<sup>60</sup> *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 22.11.1946.

<sup>61</sup> Munisipaliteit Carletonville 50(73/5-2): Publisiteit, 31.8.1961-17.9.1962. Vgl. ook CV3: Onderhoud R. van der Merwe, 5.11.1988.

<sup>62</sup> Munisipaliteit Carletonville L1/24(1): Establishment and general policy, West Witwatersrand Local Area Committee, 1949.

<sup>63</sup> Munisipaliteit Carletonville, *Carletonville* 25, p. 3.

<sup>64</sup> Tussenbewaarplek, Pretoria (TBP) 93/11/27(2): Streeksontwikkeling vir Wes-Transvaal en aangrensende gebiede, 27.2.1974, p. 5.

<sup>65</sup> *The Star*, 20.4.1963.

<sup>66</sup> Munisipaliteit Carletonville 5(2/2), Amptelike onthale en funksies vol. 3: Toespraak oor dolomitiese grondformasie, 17.8.1966, p. 3. Kyk ook *Carletonville Weekly Record*, 27.2.1976.

<sup>67</sup> J.L. Schutte (red.), *Wesrand Streeksdiensteraad beplanningsonderzoek* (Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling en Toekomststudie, PU-CHO, Oktober 1988), p. 49; Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus verslag nr. 02-85-14, uitgesoekte statistiese streek Wes-Rand*, pp. 144-183.

<sup>68</sup> Munisipaliteit Carletonville 52(73/5-6): Publisiteit, 17.10.1966-13.3.1970. Kyk ook *Carletonville Herald*, 17.1.1969 en 27.2.1976.

<sup>69</sup> TBP 33/11/2a, Deelkraal vol. 1, 1974-1976: P.J.W. van Rensburg — Stadsklerk Carletonville, 28.6.1974. Kyk ook Chamber of Mines, *West Wits Line project: planning for the future* (plek van uitgawe onbekend, 1978), pp. 1-2.